# LAERSKOOL MIKRO

Telefoon: 021 –903 2126
E-pos: info@laerskoolmikro.co.za
Webwerf: www.laerskoolmikro.co.za

Spruitstraat
Kuilsrivier
7580

Posbus 53
Kuilsrivier
7579


*... waar kind nog kind kan wees ...*

16/2023

23 Mei 2023

Geagte Ouers

## 1. UIT DIE KANTOOR

Beurtkrag is ontwrigtend vir almal, só ook tydens onderrigtyd en tydens skoolbedrywighede. Dit is onwaarskynlik dat ons in die loop van hierdie jaar 'n oplossing soos byvoorbeeld die aankoop van 'n kragopwekker of 'n batterystelsel vir die skool sal kan bekostig. Die sonpanele wat reeds op ons skool se dakke aangebring is, is deur Sun Exchange geïnstalleer, maar gee nie op hierdie stadium vir ons 'n oplossing tydens beurtkrag nie. Ons is tans besig om met die maatskappy te onderhandel om die sisteem uit te brei, maar dit gaan tyd neem. Die doel sal wees om iets in plek te kry vir die begin van 2024. Die infrastruktuurkomitee van die beheerliggaam is druk besig met 'n ondersoek in dié verband. Ons is ook versigtig om nou geld te spandeer wat dalk beter aangewend kon word vir 'n langtermyn oplossing.

Elders in hierdie Mikrofokus is 'n versoek wat aan u gerig word vir die skenking van 'n herlaaibare lig vir u kind se klaskamer of vir 'n kontantdonasie. Op so 'n manier wil ons soggens se winterdonkerte in klaskamers die hoof bied.

Let asb. op die volgende tye:

**JUNIE – Reëlings vir toetsreeks 2023**

Gr. 4 tot 7
Die formele toetsreeks duur vanaf 31 Mei 2023 tot 13 Junie 2023. Die gr. 7-leerders skryf vanaf Woensdag, 31 Mei 2023 tot Dinsdag, 13 Junie 2023.
Die gr. 4- tot 6-leerders begin op Maandag, 5 Junie 2023.

Tydens die gekontroleerde toetsreeks word daar baie streng maatreëls toegepas. **GEEN** toetse mag later as die toegewysde datum gekryf word nie. Indien 'n leerder afwesig is, moet daar 'n doktersbrief ingehandig word. Die WKOD sal die leerder se punt in so geval verwerk. Indien die leerder sonder 'n doktersbrief afwesig is, verbeur hy/sy die punte. Hierdie is die beleid van die WKOD en moet streng toegepas word.

**Maandag, 29 Mei 2023 tot Maandag, 12 Junie 2023:**

- Skool sluit vir alle Graad R-leerders om 12:30 en Graad R-sport gaan voort soos normaal.
- Skool sluit vir Graad 1 tot 7-leerders om 12:40 en kondisionering vanaf 13:00 – 13:45 (program reeds voorsien). Geen ander buitemuurs bv. kore, fietsry en redenaars nie.

**Dinsdag, 13 Junie 2023 tot Donderdag, 22 Junie 2023:**

- Skool sluit vir alle Graad R-leerders om 12:30 en Graad R-sport gaan voort soos normaal, behalwe vir die volgende dae: Donderdag, 15 Junie 2023 – geen sport a.g.v langnaweek en Woensdag, 21 Junie 2023 - geen sport a.g.v ouerbesoeke.
- Skool sluit vir alle Graad 1 tot 7-leerders op die normale tye en die normale buitemuurse rooster (sluit bv. kore, fietsry en redenaars in) word gevolg, behalwe vir die volgende dae: Donderdag, 15 Junie 2023 – geen sport a.g.v langnaweek en Woensdag, 21 Junie 2023 - geen sport a.g.v ouerbesoeke.

**Vrydag, 23 Junie 2023:**

- Skool sluit vir alle leerders om 10:45.

## 2. MIKRO MARK: MIKRO EN DIE SJOKOLADEFABRIEK

Ons het dit goedgedink om gedurende die gekontroleerde toetse, (5 – 9 Junie 2023) heerlike warm sjokolade en 'n happie te verkoop om die koue winterdae sommer ekstra warm te laat voel.

Hiermee gee ons alle Mikro-leerders die geleentheid om gedurende die gekontroleerde toetse vir hulself 'n bederfie te koop om te geniet.

U het nou die geleentheid om tot Dinsdag, 30 Mei 2023 vir u kind warm sjokolade en 'n happie te bestel **@ R20/dag.** Ongelukkig sal **geen laat bestellings** aanvaar word nie, want voorraad moet aangekoop word.

Vul die bestelvorm wat u kind gedurende die week ontvang in en stuur dit met die korrekte bedrag (in 'n gemerkte koevert) saam met u kind terug skool toe. **Elke leerder moet sy/haar eie vorm invul.** (Dus moet ouers met meer as een kind in Graad R tot Graad 7 aparte vorms invul.) **Betaling geskied kontant.**

## 3. GRAAD 3 en GRAAD 6 DEPARTEMENTELE SISTEMIESE TOETSUITSLAE VAN 2022

Ons het die uitslae van die bogenoemde toetse ontvang. Dit is dus uitslae van ons huidige graad 4- en graad 7-leerders. Ons is oor die algemeen tevrede met hierdie uitslae, maar het reeds aspekte geïdentifiseer waarin daar ruimte vir verbetering is.

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Graad 3 TAAL** | | **Graad 3 WISKUNDE** | |
| Slaagpersentasie | : 82,0% | Slaagpersentasie | : 91,0% |
| Gemiddelde persentasie | : 65,4% | Gemiddelde persentasie | : 75,6% |
| **Graad 6 TAAL** | | **Graad 6 WISKUNDE** | |
| Slaagpersentasie | : 64,6% | Slaagpersentasie | : 81,4% |
| Gemiddelde persentasie | : 55,9% | Gemiddelde persentasie | : 68,9% |

## 4. LEERDERRAAD LIEFDADIGHEIDSPROJEK: KWARTAAL 2

Die leerderraad wil hierdie kwartaal graag vir Huis De Kuilen ondersteun – ons plaaslike aftree-oord. Ons wil poog om noodsaaklike items vir hulle in te samel om by hulle te gaan aflewer.

Die volgende items is op hul wenslysie vir hierdie winter:

- Waslappies
- Seep
- Skeermeslemmetjies
- Babapoeier
- Soppakkies
- Enige ander items kan ook geskenk word.

U is welkom om hierdie items skool toe te stuur en voor Juf. Kyla Lambrechts (gr. 5.4) se klas in die bokse te plaas. Hierdie projek sal strek vanaf Dinsdag, 23 Mei 2023 tot Vrydag, 2 Junie 2023. Ons sal die items tydens 'n spesiale geleentheid by hulle gaan afgee.
Byvoorbaat dank vir u ondersteuning in hierdie projek. Ons, asook Huis De Kuilen, waardeer dit verskriklik baie!

## 5. REDENAARS: OPPIE TONG AF




Daar is sewe van ons Redenaarsleerders wat in die week van 3 tot 8 Mei 2023 aan 'n Nasionale Afrikaanse Redenaarskompetisie deelgeneem het. Dit is 'n platform vir dapper en kreatiewe sprekers wat bereid is om deur kommunikasie die wêreld te verower. Hierdie leerders het aanlyn d.m.v. 'n regstreekse verbinding met die beoordelaars deelgeneem.

Mikro is uiters trots op die volgende leerders wat almal 'n A+ verower het:

DANIËL MULLER, CHARL KINGSLEY, ZOÉ BOER, CHLOÉ BLOMMAERT, LEILA BESTER, MICKEY MULLER en MIGNON KOTZENBERG.

## 6. SPORTPROGRAM: 23 MEI 2023 – 27 MEI 2023

Die week se sport:



**Dinsdag, 23 Mei 2023:**

- Hokkie teen Curro Durbanville
  - Seuns speel weg (Asook Dogters o.13A)
  - Dogters speel tuis



**Woensdag, 24 Mei 2023:**

- Rugby
  - Wedstryde teen Curro Durbanville, Durbanville en Rouxville (Tuis)



- Netbal:
  - Netbal o.10 en o.13 Liga uitspele by Curro Sitari

**Vrydag,26 Mei 2023:**

- Landloop by HS Bellville

Voorspoed vir die week.



**L. Mouton**
**SKOOLHOOF**

**BAIE DANKIE AAN ONS BORGE.**

# BAIE DANKIE

aan almal wat bygedra het om Vrydag se gholfdag so 'n reuse sukses te maak!

'n Spesiale dank aan al die klasverteenwoordigers wat saam met hul graad se ouers gewoeker het om pryse bymekaar te maak asook spanne te werf wat kom gholf speel het.

Dit word opreg waardeer.









# FOR SALE

*Registered with PPRA*

**R3 495 000**



5 Bedroom House in Zevendal

**R1 799 000**



3 Bedroom Townhouse in Eikenbosch

**R2 499 000**



4 Bedroom House in Klipdam

**R3 650 000**



4 Bedroom House in Haasendal



Call me today to arrange a viewing or for a
**FREE** value estimation on your property!

**LETITIA WILLEMSE** **Property Practitioner**
083 261 0746 | letitia@meridianrealty.co.za
www.meridianrealty.co.za

meridian REALTY

## Mei 2023

◄ April | June ►

| Sondag | Maandag | Dinsdag | Woensdag | Donderdag | Vrydag | Saterdag |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | 1<br>VAKANSIEDAG<br>(WERKERSDAG) | 2<br>TIE Eisteddfod (Begin datum) | 3<br>Rugby : Aristea (w) en<br>Bellville (w)<br>Netbal: Bastion (w)<br>Boekbuddies<br>Oppie Tong af Redenaars (Aanlyn begindatum) | 4<br>Hokkie: Brackenfell<br>Seuns: Weg<br>Dogters: Tuis | 5 **Landloop: Wedloop 2**<br>Hokkie : Curro Durbanville - o.10 (w) | 6<br>***Ma-en-Dogteroggend***<br>Bergfiets (w) |
| 7 | 8<br>**Netbal: De Kuilen (T)**<br>Leerderraad: Liefdadigheidsprojek<br>Boekeweek | 9<br>Boekeweek | 10<br>Rugby : Hendrik Louw (T)<br>Netbal: Bellpark (T)<br>Netbal :Gene Louw (W)<br>**Tygerberg Eisteddfod (Senoirkoor)**<br>Boekeweek | 11<br>Hokkie: Durbanville<br>Seuns: Tuis<br>Dogters: Weg<br>Boekeweek | 12 **Landloop: Wedloop 3**<br>Hokkie : Curro Durbanville - o.11 (w)<br>Oppie Tong af Redenaars (Aanlyn einddatum)<br>Skaak:Curro Brackenfell (W)<br>Boekeweek | 13<br>Worcester-Noord Sportdag (w)<br>Rugby, Netbal, Hokkie |
| 14 Mother's Day | 15 | 16 | 17<br>Rugby : Welgemoed (w) | 18<br>**Hemelvaart**<br>TIE Eisteddfod (Einddatum)<br>**GEEN SPORT** | 19 **Landloop: Wedloop 4**<br>Pinkster<br>Hokkie : Curro Durbanville - o.13 (w)<br>***Mikro Gholfdag*** | 20<br>Bergfiets (w)<br>Stellenbosch Eisteddfod |
| 21 | 22<br>Pinkster | 23<br>**Hokkie: Curro Durbanville**<br>**Seuns: Weg**<br>**Dogters: Tuis**<br>Rachelle Best: Sosiale Media | 24<br>Pinkster<br>Netheidskontrole<br>Rugby : Curro Durbanville(T)<br>Netbal: o.10 en o.13 liga uitspele<br>Curro Sitari(W)<br>AMESA (Gr. 4-7) | 25<br>Pinkster | 26 **Landloop: Wedloop 5**<br>Pinkster | 27 |
| 28 | 29<br>**Krag en Kondisionering: Gr.1-4 Seuns en Dogters** | 30<br>**Krag en Kondisionering: Gr.5-7 Seuns en Dogters** | 31<br>**Krag en Kondisionering: Gr.1-4 Seuns en Dogters**<br>Gekontroleerde toets (Gr.7) | Notes: | | |

**BLOU- DATUMS HET BYGEKOM**

**ROOI- DATUMS HET VERANDER**

***Datums is onderhewig aan veranderinge/kansellasies.***

## Junie 2023

◄ May | July ►

| Sondag | Maandag | Dinsdag | Woensdag | Donderdag | Vrydag | Saterdag |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | 1<br>Gekontroleerde toets (Gr.7) | 2<br>Gekontroleerde toets (Gr.7) | 3<br>Rugby - Panorama o.7 - o.9 (w) |
| 4 | 5<br>**Krag en Kondisionering: Gr.1-4 Seuns en Dogters**<br>Mikro Mark<br>Gekontroleerde toets (Gr.4-7) | 6<br>**Krag en Kondisionering: Gr.5-7 Seuns en Dogters**<br>Mikro Mark<br>Gekontroleerde toets (Gr.4-7) | 7<br>**Krag en Kondisionering: Gr.1-4 Seuns en Dogters**<br>Mikro Mark<br>Gekontroleerde toets (Gr.4-7) | 8<br>**Krag en Kondisionering: Gr.5-7 Seuns en Dogters**<br>Mikro Mark<br>Gekontroleerde toets (Gr.4-7) | 9<br>Mikro Mark<br>Gekontroleerde toets (Gr.4-7) | 10 |
| 11 | 12<br>**Krag en Kondisionering: Gr.1-4 Seuns en Dogters**<br>Gekontroleerde toets (Gr.4-7) | 13<br>**Normale sportoefeninge gaan voort**<br>Gekontroleerde toets (Gr.4-7) | 14 | 15 | 16<br>**VAKANSIEDAG (JEUGDAG)** | 17 |
| 18<br>**Vadersdag** | 19 | 20 | 21<br>Grondslagfase ouerbesoeke (Per uitnodiging) | 22<br>Civvidag: Projek Hannah | 23<br>Skool Sluit om 10:45 (Leerderverslae word per hand uitgegee) | 24<br>**VAKANSIE** |
| 25<br>**VAKANSIE** | 26<br>**VAKANSIE** | 27<br>**VAKANSIE** | 28<br>**VAKANSIE** | 29<br>**VAKANSIE** | 30<br>**VAKANSIE** | Notes: |

**BLOU- DATUMS HET BYGEKOM**

**ROOI- DATUMS HET VERANDER**

***Datums is onderhewig aan veranderinge/kansellasies.***